

# Drom toe. Nie drein toe nie.



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD

Making progress possible. Together.

## Gooi jou afval behoorlik weg om verstoppe toilette, dreine, wasbakke en rioolpype te voorkom



**Weggooi kos** hoort in die drom, en moenie in die wasbak, drein of toilet afgespoel word nie. Vruchte- en groente-afval en eierdoppe kan gebruik word om kompos te maak.



**Moenie lappe en koerantpapier in die toilet afspoel nie.** Hierdie voorwerpe ontbind nie.




**Gooi skille in die drom of maak kompos daarvan.** Skille ontbind nie maklik nie en sit in die pype vas, wat verstoppings veroorsaak.



**Moenie babadoeke en sanitêre doekies in die toilet afspoel nie** - dit absorbeer water en sit uit, wat verstoppings veroorsaak.



**Vee kookvet**, olie of vetterigheid uit die pan, en moenie dit in die drein of toilet afspoel nie.



**Weggoibare lappies, oorstokkies, kondome en hare** pak saam met ander voorwerpe vas en veroorsaak verstoppings.



**Gebruik 'n siffie in die wasbak se afloop om te keer dat kos-** of ander afval by die drein afspoel en verstoppings veroorsaak.



**Maak seker dat reënwatergeute** nie in die rioolstelsel uitloop nie, want dit oorlaai die pype en veroorsaak dat riool oorloop.

As jy met botter of diervet kook, word die vetterige vloeistof in die pot of pan hard wanneer dit afkoel. As jy vet in die drein of toilet afgooi, pak dit saam en word dit hard binne-in die dreinpype, en is soos gom waaraan alles wat verbyspoel vasplak. Dit veroorsaak dat pype mettertyd verstop. Hou vette en olie uit ons dreine.

## Die weggooi van rommel in 'n waterafvoerstelsel wat nie vir vreemde afval ontwerp is nie, veroorsaak dat die rioolstelsel verstop en oorloop.

### Dit raak almal van ons:

Inspeksiegate sonder deksels wat as stortingsplek gebruik word, en sand en rommel wat deur die wind ingewai word veroorsaak verstoppings.

As 'n rioolpyp oorloop, loop dit in ons stormwaterdreine en besoedel ons riviere, strome en kanale.



Die besoedelde water hou 'n gevaar vir ons gesondheid en die omgewing in.

Rioolpype wat oorloop, veroorsaak siektes, besoedel ons lug en ruik sleg. Die koste van herstelwerk aan rioolpype kan verhoed of verminder word.

# Lei die reënwater van jou geute/dak na die stormwaterstelsel.

Moenie reënwater na die rioolstelsel lei nie want dit kan die rioolstelsel laat oorloop – veral wanneer dit hard reën. As jy nie ekstra reënwater op jou eiendom wil hê nie, lei liever die water in 'n sloot of pyp na die straat toe en in die stormwaterstelsel af.

Net reënwater word in die stormwaterdrein toegelaat, nie gebruikte gryswater of afvalwater nie. (Baie mense vang reënwater op om voertuie, vensters en harde oppervlakke te was, en die tuin nat te lei ens.)



## Vir meer inligting:

Gaan na die afdeling vir vaste afval op die Stad se webwerf [www.capetown.gov.za/blocked-sewers](http://www.capetown.gov.za/blocked-sewers) vir afval-aflaaifasiliteite en verwante inligting.

### Belangrike kontakinligting

Meld rioolverstopings, verwyderde dreindeksels, vandalisme, gebarste pype, lekkasies en watervermorsing aan deur een van die onderstaande opsies te gebruik. Gee die straatadres en kry 'n verwysingsnommer.

Aanlyn [www.capetown.gov.za/servicerequests](http://www.capetown.gov.za/servicerequests)

E-pos [water@capetown.gov.za](mailto:water@capetown.gov.za)

SMS 31373 (maksimum van 160 karakters)

Bel 0860 103 089

Gaan na 'n Stad-instasiesentrum, kyk [www.capetown.gov.za/facilities](http://www.capetown.gov.za/facilities)

Bel 0860 103 089 om oorstromings, pad- en stormwaterprobleme, onwettige storting en die verwydering van dooie diere (slegs op openbare grond en paaie) aan te meld. Kies opsie 1.



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD